Oosies NUUSBRIEF 2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit
#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

**04/2026** **29 Januarie 2026**

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, voogde en leerders

Ons is opgewonde om almal in te lig oor 'n paar hoogtepunte van die afgelope week. Elke jaar hou ons Graad 8's 'n Groentjiekonsert, waarna hulle met die Boogstapseremonie formeel as Oosies ingehuldig word. Hierdie jaar se konsert was werklik uitsonderlik, daar was nie genoeg plek in die saal vir al die ouers wat dit wou bywoon nie! Vanoggend het die Graad 8's hul boogstapseremonie suksesvol gehad, en ouers kon dit via 'n regstreekse uitsending saam met hul kinders beleef.

Ons wil graag vir me N Viljoen gelukwens. Sy het erkenning van die Departement van Onderwys (Tshwane Noord distrik) ontvang vir die meeste onderskeidings in die Graad 12 Ingenieursgrafika en –ontwerp klas van 2025. Die 2025-klas het ook topleerders gelewer in Verbruikerstudie Prakties, Wiskundige Geletterdheid, en twee top leerders in Gasvryheidstudies. 'n Pragtige erkenning vir die harde werk van ons Graad 12-onderwysers en leerders!

Op sportgebied is die swem-, atletiek- en krieketspanne reeds besig met byeenkomste en wedstryde. Ons wil graag ons atlete gelukwens wat tydens die Zwartkop en TUT TOP 14 byeenkomste nuwe rekords opgestel het: Roemay Korff (o.15) stel nuwe rekords op by die Zwartkop byeenkoms in 100m, 200m, 300mH en 400m asook die 100m en 200m by die TUT TOP 14 byeenkoms. Annelie Human (o.14) het 'n nuwe spiesgooi rekord opgestel by die Zwartkop byeenkoms.

Ons deel egter ook ons hartseer nuus dat oud-Oosie onderwyseres me P de Wet onlangs oorlede is. Ons dra haar gesin in ons gebede.

Ons is nog net 'n paar weke in die skoolprogram, en ons voel ongelooflik dankbaar vir die ondersteuning van ons ouers, gemeenskap en die Oosie Bond. Julle betrokkenheid maak 'n groot verskil!

Dankie dat julle deel is van die Oosie-familie. Saam maak ons van 2026 'n wonderlike jaar vir al ons leerders!

Met vriendelike groete
Me S Theron
HOOF

## ALGEMEEN

### Belangrike datums en kontakbesonderhede

- 30 Jan. : Gr.8 DAT toetsing
- 31 Jan. : Hokkieproewe: o.14- en senior dogters
- 2 Febr. : Bergfietsry: Ouervergadering
  : Hokkieproewe: o.15 tot o.18 seuns
  : Atletiek: Eldo Elite aflos
- 3 Febr. : All Stars: Ouervergadering
- 4 Febr. : Atletiek: TOP 15 Noordheuwel
  Hokkie: Ouervergadering
- 5 Febr. : Koor begin oefen
  Swemgala te Cornwall Hill
- 5 tot 8 Febr. : Swem: Midmartoer
- 6 Febr. : Gr.10/11 vakveranderings sluit
  Atletiek: Mootbyeenkoms
- 12 Febr. : Swemgala te Woodhill
- 13 Febr. : Atletiek: Valentynsbyeenkoms
  Atletiek: Curru Podium
- 14 Febr. : Valentynsbal (nuwe datum)
  : Atletiek: Curro Podium
  Atletiek: ICO byeenkoms
- 17 Febr. : Sweminterhoër

### Kommunikasiekanale

**Oosies Sportkanaal**

Die Oosies Kommunikasiekanaal is reeds volstoom aan die gang met gereelde plasings, en **nou skop ons ook die Oosies Sportkanaal amptelik af!**

Ons nooi al ons **ouers en leerders** uit om by hierdie kanale aan te sluit sodat julle niks mis nie en altyd op hoogte bly van wat by die skool gebeur.

Alle sportverwante inligting sal voortaan op die Sportkanaal gedeel word, dink aan wedstrydprogramme, skakels vir regstreekse uitsendings, uitslae en nog baie meer!

Sluit aan deur die QR-kode te skandeer en bly op hoogte van al die Oosie-nuus!




### Belangrike dokumentasie vir ouers

Die volgende dokumentasie **moet asseblief voor of op 30 Januarie 2026** ingehandig wees:

- Algemene voorwaardes en toelatingsbeleid
- Skoolfonds betalingsooreenkoms
- Gedragskode
- Selfoonvrye skoolomgewing

### Handgemaakte, bevrore pasteie. Bestel vandag!

Die skool bied saam met *Pie Partners*, u die geleentheid om heerlike handgemaakte, bevrore pasteie teen bekostigbare pryse aan te koop – perfek vir besige gesinne wat vinnig 'n ete wil hê!

Bestel- en afleweringsinligting

- Eenmalig per maand via Google-vorm
- Bestelperiode: 26 Januarie – 02 Maart 2026
- Aflewering: Donderdag, 05 Maart 2026
- Bestelvorm – voltooi die vorm.

Pryse en keuses

- R220 per boks (dosyn)
- Kies uit 9 vulsels (let wel: vulsels kan nie gemeng word nie)

Betaling

- Kontant, kaart of EFT
- Gebruik Projekkode: 364 + leerder se voorletter, van, klas en "PIES" bv. 364JNel9FPIES.
- Laai asseblief bewys van betaling saam met die Google-vorm op.
- Bestellings sonder bewys van betaling sal nie verwerk word nie.

Belangrike kennisgewings

- Geen pasteie kan teruggeneem word vir berging nie
- Die skool het nie spasie of toerusting om pasteie te berg nie.

## AKADEMIE

### Toetsrooster: Kwartaal 1

Die toetsrooster vir die eerste kwartaal is reeds in harde kopie aan leerders uitgegee en op die webwerf beskikbaar.

### Vakveranderings: Graad 10 en 11

Let asseblief op die belangrike datums vir vakveranderings:

- **Sluitingsdatum : 6 Februarie**
- Open weer : 16 Maart

Leerders word aangemoedig om hul vakke betyds te finaliseer sodat hulle keuses reg is voor die sluitingsdatum.

## SPORT

**SPORTUITSLAE**

**Let asseblief daarop dat sportuitslae eers gepubliseer word nadat dit amptelik geverifieer is deur die betrokke instansie. Uitslae sal dus nie altyd onmiddellik beskikbaar wees nie. Dankie vir u begrip.**

## ATLETIEK

**Byeenkomste**

Datums van byeenkomste en programme

## BERGFIETSRY

**Ouervergadering**

Ons Bergfietsry ouers word genooi na 'n vergadering:

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 2 Februarie |
| Tyd | : | 17:00 vir 17:30 |
| Plek | : | LO-saal |

## HENGEL

**Hengeltoerusting: Skenkings**

Help asseblief ons Oosie Hengelaars!

Oosie Hengel het 'n groot behoefte aan hengeltoerusting, en ons vra vriendelik vir enige skenkings van bruikbare items oud of nuut.

Indien u enige stokke, rolle, lyn, kunsaas of ander toerusting het wat net stof opgaar, gee dit gerus 'n nuwe lewe by ons Oosie hengelaars.

Kontak gerus:

☞ Mnr J Boshoff – j.boshoff@oos-moot.co.za

☞ Mnr F Massyn – f.massyn@oos-moot.co.za

Elke skenking word met groot dankbaarheid ontvang – saam bou ons aan sterk Oosie hengelaars!

## HOKKIE

**WhatsApp-groepe**

Ons nooi graag die leerders wat wil hokkie speel en hulle ouers uit om by die Whatsapp Groepe in te skakel. Belangrike inligting rakende die oefeninge, proewe, wedstryde en die toere word daarop uitgestuur.

- *Meisies*
- *Seuns*
- *Ouers - seuns*
- *Ouers - meisies*
- *Doelwagters*

**Ouervergadering**

Ons Hokkie ouers word genooi na 'n vergadering:

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 4 Februarie |
| Tyd | : | 17:30 vir 18:00 |
| Plek | : | LO-saal |

**Proewe**

Proewe vind soos volg plaas:

| | |
|---|---|
| o.14- en senior dogters (2de rondte) | 31 Januarie |
| o.15 tot o.18 seuns | 2 Februarie |

**Voorseisoen**

Ons nooi alle graad 8's en leerders wat nog nooit hokkie gespeel het nie om in te skakel by die hokkie.

## NETBAL

**Damesoggend**

Ons bied 'n **Damesoggend** aan en benodig **Oosie-moeders** om as **gasvrouens** op te tree.

Gasvrouens

- Netbalmammas kry voorkeur, maar enigiemand van enige sport kan deelneem.
- Die tafelwins van elke gasvrou gaan na die spesifieke sportsoort wat hulle verteenwoordig.
- Pligte van gasvrouens**:**
  - Verkoop van 10 sitplekke aan hul tafel teen 'n koste van R250 per persoon. Die koste sluit in ('n Epoxy sleutelhouer, gassprekers en talent uit die netbalomgewing, eet- en drinkgoed)
  - Versiering van die tafel volgens die tema, *Balle en Blinkers*
  - Verskaffing van eet- en drinkgoed vir 10 persone.

Stalletjies

- Ruimte vir stalletjies sal in die saal beskikbaar wees.
- Koste per stalletjie: R500

Kontakpersoon

Me S Visser

- E-pos: netbal@oos-moot.co.za
- WhatsApp: 079 692 2491

# KULTUUR

## KOOR

**Oefening**

Geen kooroefening hierdie week as gevolg van Akademiese Prysuitdeling.

| | | |
|---|---|---|
| Oefening begin | : | 5 Februarie |
| Dae | : | Donderdae |
| Tyd | : | 17:30 tot 20:00 |
| Plek | : | Skoolsaal |

Navrae kan gerig word aan a.smith@oos-moot.co.za.

## ALL STARS

**Oefeninge en Ouervergadering**

Die All Stars **begin amptelik oefen** op die datum hieronder aangedui.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 3 Februarie |
| Tyd | : | 18:00 - 20:00 |
| Plek | : | Skoolsaal |

***Let wel** die oefening sal* gevolg word deur die **ouervergadering om 20:00**.

# SOSIAAL

**Valentynsbal**

Die datum van die Valentynsbal skuif na **14 Februarie.**

# PROJEKTE

**Boubakstene benodig!**

Baie dankie vir die skenkings wat reeds ontvang is – ons benodig steeds nog boubakstene vir instandhouding en sal nog skenkings opreg waardeer!

***Ouers wat oor oorskot boubakstene beskik of stene het wat net in die erf rondstaan, word vriendelik versoek om dit, indien moontlik, aan die skool te skenk.***

Reëlings vir die oplaai van die stene kan getref word deur ons Geboue- en Terreinkantoor te kontak by (012) 332 0601 of per e-pos by geboue@oos-moot.co.za.

## NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrief. Kostes en volledige inligting by die skakel.




**ADVERTEER IN ONS NUUSBRIEF 2026**

*Die nuusbrief word weekliks versprei via die skool se d6 Connect toep en per e-pos na ons ouers (2000+), personeel en leerders gestuur. Die brief word ook op die skool se webwerf (www.oos-moot.co.za) geplaas waar dit die hele jaar beskikbaar is.*

**Kostes vir 'n A6 advertensie**

| | |
|---|---|
| 1 plasing per maand | R350 |
| 2 plasings per maand | R550 |
| 3 plasings per maand | R750 |
| 4 plasings per maand | R950 |
| Plasing vir die hele jaar | Maandelikse bedrag x 11 (% afslag) |

**A4 advertensie ook beskikbaar op versoek.*

**Formaat**

- *Advertensies met 'n voor- en agterblad word as twee advertensies beskou.*
- *Advertensies moet in 'n elektroniese formaat gestuur word (JPEG of PNG).*
- *Geen PDF of geskandeerde advertensies word geplaas nie.*
- *'n Advertensie sal slegs geplaas word na goedkeuring en betaling.*
- *Let wel: "Landscape" formaat advertensies moet gedraai word om in die "portrait" spasie te pas.*


**Stel jy belang?**

*Kontak Mariëtte Senekal by webblad@oos-moot.co.za*









DIE OOSIE Bond
VRIENDE VAN DIE MOOT

**OOSIEBOND Ondersteuners Whatsapp Groep**

Sluit aan

DIE OOSIE Bond
VRIENDE VAN DIE MOOT

💪**OOSIEBOND Ondersteuners**💪

WhatsApp group